

9

KERKGESKIEDENIS

Ons gemeente se storie

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet hul gemeente se geskiedenis ken en weet wat hul rol in die samelewing is.

SPEKIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet weet –

- waarom hul gemeente gestig is.
- watter rol hul gemeente in die gemeenskap speel.
- wat die verskil tussen 'n klub en die Kerk is.

Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat hulle aan 'n gemeente van die Kerk behoort.
- bereid wees om hul verantwoordelikheid in die gemeente na te kom.

Vaardigheid

Die kinders moet self iets gaan doen om 'n verskil in die gemeenskap te maak.

MEER INLIGTING (Handelinge 2: 37-47)

Na die uitstorting van die Heilige Gees op pinkster, het die apostels *onder leiding van die Heilige Gees* en in navolging van Petrus begin om vir die mense in Jerusalem oor Jesus Christus te preek. Petrus het ook benadruk dat hierdie Jesus die langverwagte Messias is en dat Hy weer sou terugkom. Petrus se eerste preek het 'n onverwagte uitwerking gehad: 3 000 mense het *deur die werk van die Heilige Gees tot bekering gekom*.

Een van die eerste vrae wat die mense vir die apostels gevra het, was: *Wat moet ons nou doen?* In Handeling 2: 38 en 42 kry ons die antwoord van Petrus op hierdie vraag en hoor ons wat daarna gevolg het. Hy antwoord hulle dat hulle hulle moet bekeer, met ander woorde, hulle moet wegdraai van die sonde en hulle tot Christus wend. Hulle moes dus hul lewe en sterwe aan Hom toevertrou. Die bekeerdes moet hulle laat doop in die Naam van Jesus Christus, want

so word die dopeling aan Christus verbind. Alhoewel die Jode Jesus laat kruisig het omdat hulle nie gedink het dat Hy die Messias kon wees wat die Joodse volk ver wag het nie, was God se heilsdaad vir hulle en hul nageslag bedoel, maar ook vir alle mense. Nogtans word nie alle mense gered nie, maar net diegene wat in Jesus Christus glo, Hom aanbid en Hom dien as Heer.

Die mense wat tot bekering gekom het, het hulle laat doop. So het die eerste gemeente in Jerusalem tot stand gekom. *Eenheid was een van die belangrikste eienskappe van die eerste gemeente.* Hulle het bymekaar gekom om by Petrus en die ander apostels meer van God die Vader en sy Seun Jesus Christus te leer. Hulle het saam gebid en “erediens” gehou. Hulle het gereeld saam geëet. Waarskynlik het hulle tydens hierdie maaltye ook gereeld Nagmaal gevier. Onder die eerste Christene was daar ryk en arm mense. Almal het dit wat hulle gehad het om te eet na die daaglikse maaltyd saamgebring en dit met mekaar gedeel.

Hier sien ons dat die eerste gemeentelede uit dankbaarheid teenoor God na mekaar begin omsien het. Hulle het hul kos met mekaar gedeel om só na die armes om te sien. In ons Kerk het ons iets van hierdie tradisie behou deurdat ons tydens die viering van die Nagmaal geld by die Nagmaaltafel onder die tafeldoek agterlaat. Hierdie dankoffer word uitsluitlik vir die versorging van die armes gebruik. Die gebruik dat ons na afloop van die erediens ook ’n deurkollekte hou, sluit hierby aan. Die deurkollektes word grootliks deur die diakens aangewend om na die behoeftiges in en buite die gemeente om te sien.

Hierdie eerste groep Christene het dus die eerste gemeente gevorm.

In verse 44 en 45 lees ons dat hulle alles met mekaar gedeel het. Sommige van hulle het selfs hul besittings en grond verkoop en onder mekaar verdeel. Hierdie eerste gemeente was ’n gemeente wat God met blydskap en eenvoud gedien het. Ons lees dat die hele volk hierdie eerste Christene goedgesind was, en die Here het só elke dag nuwe lidmate tot die gemeente bygevoeg.

Wanneer ons vandag na ons Kerk en veral ons eie gemeente kyk, moet ons vasstel of die dinge wat die vroegste gemeente gedoen het ook deel van ons eie gemeente se werksaamhede is: Hulle het bymekaar gekom, geluister na God se Woord, doop bedien, Nagmaal gevier, saam gebid en barmhartigheidsdiens verrig. Om waarlik kerk te wees, moet aan al hierdie sake aandag gegee word. Daarom kom ons bymekaar in die *erediens*, *kategese*, met *Bybelstudie* en *huisbesoek* om *meer van God te leer*. Ons *sing tot lof* van die Here en *aanbid* God wanneer ons *belydenis* doen en saam *bid in die erediens*. Ons bedien *die doop en vier Nagmaal*. Ons getuig van ons geloof en doen *evangelisasie- en sendingwerk*. So sien ons toe dat die evangelie van Jesus Christus aan alle mense verkondig word. Ons doen ook *barmhartigheidswerk* om na mense in nood en die armes om te sien. Ons gee en samel *dankoffers* in om hierdie werksaamhede van die Kerk te laat voortgaan. Ons word in hierdie moderne wêreld gedwing om ook ons fondse aan te vul met *fondsinsamelingsprojekte*, want dikwels is die lidmate se dankoffers te min. Ons moet ook leer om altyd offervaardig soos die eerste Christene te wees.

Dit is uiters belangrik dat elke gemeente ook ’n bydrae in die gemeenskap moet maak, want ons het ook die goedgesindheid van die mense in ons gemeenskappe nodig om as Kerk en gemeente voort te bestaan, sodat die Heilige Gees lidmate by ons gemeente kan voeg.

Ons moet altyd onthou dat die Kerk nie 'n klub of vereniging is waarby ek uit eie keuse aansluit nie. By 'n klub of vereniging sluit 'n mens aan omdat jy die een of ander sport of stokperdjie beoefen. Jy betaal 'n lidmaatskapsfooie of -gelde. Jy kan enige tyd bedank en by 'n ander klub aansluit. Die Kerk en die gemeente is anders. Ek is 'n dooplidmaat of 'n belydende lidmaat van die Kerk omdat God my uitverkies het om aan Hom te behoort, en so aan die Kerk en die gemeente. As ek my rug op die Kerk draai, draai ek nie weg van mense soos by 'n vereniging of klub as hulle my kwaad maak nie – ek draai my rug dan op God. Dit is 'n ramp! By 'n klub of vereniging is daar reëls en regulasies wat nagekom moet word. In die Kerk het ons liefdesreëls van 'n Vader wat sy kinders baie lief het. Ons gee ons offergawe uit dankbaarheid teenoor God, ons betaal nie lidmaatskapsfooie nie.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Die jongste uitgawe van die *Almanak* en *Bybelse Dagboek*. Plaas 'n boekmerk by die gemeente se besonderhede.
- Die doop- en lidmaatregisters van die gemeente. Reël met die skriba vir registrasie om dit beskikbaar te stel.
- Maak vroegtydig 'n afspraak met die predikant of skriba of kolporteur van die gemeente om inligting te kry oor die geskiedenis van die gemeente.
- Voltooi die vraelys hieronder by IETS OM TE DOEN met die regte inligting met die hulp van iemand wat die gemeente ken.
- Probeer om ou foto's van die gemeente vir 'n uitstalling te bekom.
- Reël om, indien moontlik, een van die ouer lidmate van die gemeente teenwoordig te hê wat dalk interessante ooreenkomstige geskiedenis van die gemeente kan vertel.

KOM ONS BEGIN

Open met Skriflesing uit Handeling 2: 36-47 en gebed.

HET HULLE GEDOEN EN KAN HULLE ONTHOU?

- Laat enkele kinders vertel hoe hulle hul missionêre opdrag (sendingopdrag) gaan uitvoer het deur aan iemand by die skool, hul huishulp of tuinwerker wat nie 'n Bybel besit nie, een te voorsien.
- Kontroleer of hulle die vraelys in hierdie les voltooi het.
- Het julle 'n datum vir die uitstalling van die kerklike publikasies vasgestel?
- Maak seker dat al die reëlings vir die uitstalling in plek is.
- Kontroleer of hulle die hoofpunte onder die opskrif IETS BELANGRIK in die vorige les geleer het.

VANDAG LEER ONS

IETS INTERESSANT

Maak 'n opsomming van die besonderhede by MEER INLIGTING en fokus in jou aanbieding op die volgende:

- Die rol van die prediking in die eerste gemeente (Petrus preek vir die eerste maal).
- Die rol van God die Heilige Gees.
- Die eenheid onder die gemeentelede.

IETS BELANGRIK

- Lees weer Handeling 2: 36-47 en skerp die volgende in:
 - Na die uitstorting van die Heilige Gees op pinkster, het die apostels onder leiding van die Heilige Gees begin om die mense in Jerusalem van Jesus Christus se lewe te vertel (ons kan sê hulle het gepreek).
 - Na Petrus se preek het 3 000 mense tot bekering gekom.
 - Petrus het vir die mense gesê dat hulle hulle moet bekeer, met ander woorde, hulle moet wegdraai van die sonde en hulle tot Christus wend.
 - Die bekeerdes moet hulle laat doop in die Naam van Jesus Christus, want so word die een wat gedoop is, aan Christus verbind.
 - Nie alle mense sal gered word nie, net diegene wat in Jesus Christus glo, Hom aanbid en Hom dien as Heer.
 - Nadat die mense gedoop is, het die eerste gemeente in Jerusalem tot stand gekom.
 - Hulle het bymekaargekom om meer van God die Vader en sy Seun Jesus Christus te leer.
 - Hulle het saam gebid en “erediens” gehou.
 - Hulle het saam geëet.
 - Die eerste gemeentelede het uit dankbaarheid teenoor God na mekaar begin omsien.
 - Hulle het hul kos met mekaar gedeel om só na die armes om te sien.
 - Ons moet sorg dat die elemente wat in die eerste gemeente ’n rol gespeel het, ook in ons gemeente teenwoordig is. Hierdie elemente is:
 - bymekaar kom (erediens, kategese, Bybelstudie, ensovoorts);
 - luister na God se Woord;
 - doop bedien;
 - Nagmaal vier;
 - saam bid; en
 - barmhartigheidsdiens.
 - Hierdie dinge kom tot hul reg in die *erediens, kategese, Bybelstudie en huisbesoek* om *meer van God te leer*. Ons *sing tot lof* van die Here en *aanbid* God wanneer ons *belydenis* doen en saam *bid in die erediens*. Ons getuig van ons geloof en doen *evangelisasie-* en *sendingwerk*.
 - Dit is uiters belangrik dat elke gemeente ook ’n bydrae in die gemeenskap moet maak, want ons het ook die goedgesindheid van die mense in ons gemeenskappe nodig om as Kerk en gemeente voort te bestaan, sodat die Heilige Gees lidmate by ons gemeente kan voeg.

IETS OM TE DOEN

- Gaan saam met die kinders die onderstaande vraelys, wat hulle in hul boeke moes invul, deur en gee die regte antwoorde waar nodig.

	VRAAG	ANTWOORD
Geskiedenis van ons gemeente	Wat is die naam van die gemeente?	
	Wanneer is die gemeente gestig?	
	Van watter gemeente het ons gemeente afgestig?	
	In watter ring val ons gemeente?	
	Watter ander gemeentes is deel van ons ring?	
	Wanneer is die kerkgebou in gebruik geneem?	
	Wanneer is die kerksaal in gebruik geneem?	
	Waar was die oorspronklike kerkgebou (indien van toepassing)?	
Predikante van ons gemeente	Wie was die predikante van die gemeente?	

Voorsitters van vergaderings en funksionarisse van ons gemeente	Wie is tans die skriba van die gemeente?	
	Wie is tans die skriba vir registrasie?	
	Wie is tans die voorsitter van die ouderlingevergadering?	
	Wie is tans die voorsitter van die diakensvergadering?	
	Wie is tans die voorsitter van die NHSV-tak?	
	Wie is tans die kassier van die gemeente?	
	Wie is tans die sekretariële beampte in die gemeente?	
	Wie is tans die orrelis in die gemeente?	
Barmhartigheid in ons gemeente	Watter diensgroepe is aktief in die gemeente?	
	By watter projekte in die gemeenskap is die gemeente betrokke?	
	Watter nuwe projekte word beplan?	

My betrokkenheid	Waar is ek in ons gemeente betrokke?	
	Waar kan ek in ons gemeente betrokke raak?	

- Laat die kinders nou na die volgende kyk:
 - Waar die gemeente se besonderhede in die *Almanak* is.
 - Die doop- en lidmaatregister waar enkele se name en hul ouers s'n staan.
 - Foto's indien daar beskikbaar was.
- Indien daar 'n senior lidmaat is wat lank reeds lidmaat van die gemeente is, laat hy of sy iets oor die gemeente vertel.

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat hulle saam met hul ouers en onder hul toesig een van die volgende dinge in die gemeenskap doen om te bewys dat hulle 'n verskil kan maak:
 - Gaan gee vir iemand in die ouetehuis of weeshuis, of vir enige ander behoeftige mense, 'n geskenk.
 - Gaan gee vir die mense by die brandweer koek en tee.
 - Vra toestemming en gaan plant iewers in die omgewing 'n boom en versorg dit.
 - Enige iets anders wat nuttig vir die gemeenskap is.
- Herinner hulle daaraan om eerskomende Sondag hul ouers na die kategese saam te bring.

LEER

Herinner die kinders om die volgende te leer:

- Die eienskappe van die eerste gemeente wat ook by ons gemeente gesien behoort te word, is:
 - om bymekaar te kom (erediens, kategese, Bybelstudie, ensovoorts);
 - om te luister na God se Woord;
 - om doop te bedien;
 - om Nagmaal te vier;
 - om saam te bid; en
 - om barmhartigheidsdiens te lewer.

AFSLUITING

Vra die kinders waaroor daar in die besonder in ons gemeente gebed moet word, en sluit dit dan in in die gebed.